

# Dinsdag 4 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 7:1-15

Fokusgedeelte: Jeremia 7:4, 5

## Vertrou op die Here alleen

Veral in 'n krisistyd wil 'n mens jou vertrou op iemand of iets stel. Die volk van God het in Jeremia se tyd 'n krisis beleef. Dit was die gevolg daarvan dat hulle hul verbondsverhouding met die Here verbreek het. Om hulle tot besinning te bring, het die Here sy oordeel aangekondig. Die sprankie hoop tydens koning Josia se hervormings het verdwyn toe die volk onreg, moord en afgodediens hervat het. Hulle het hulle vertrou in die Here se tempel gestel. Hulle was oortuig: die tempel het die Here se teenwoordigheid en daarom sy volk se veiligheid gewaarborg.

Deur sy profeet, Jeremia, lê die Here die vinger op sy volk se probleem. Hulle het in werklikheid op 'n leuen vertrou (Jer. 7:4). Hulle moes eintlik op die Here van die tempel vertrou. Nie die tempel nie, maar Hy wat die tempel sy woning gemaak het, is die enigste Een op Wie sy volk moes vertrou. Hy het nie geëis dat sy volk in die tempel moes offer nie, maar dat hulle hul van hulle sondes moes bekeer (Jer. 7:5) en Hom moes gehoorsaam (Jer. 7:23).

As sy volk moet ons op die Here alleen vertrou. Ons moet Hom met ons hele hart dien. Ons moet Hom alleen die eer gee wat Hom toekom. Dit doen ons deur in 'n persoonlike verhouding met Hom te leef. Daarvoor is nodig dat ek en jy:

- gelowig aanvaar dat Jesus Christus ons met God versoen het deur aan die kruis sy lewe as losprys vir ons sonde te offer;
- gelowig aanvaar dat God die Heilige Gees gestuur het om ons te lei om in die regte verhouding met Hom en daarom tot sy eer te leef;
- ook in ons krisistye heelhartig op die Here alleen vertrou.

*Sing: Psalm 84-2:5*

*Ds. JH Jordaan (Johan) (Emeritus)*